

OUERS EN TIENERS – OPBOUENDE DISSIPLINE

Die inskrywing oor lyfstraf het toe bietjie ge-”stir” net soos ek ver wag het. Ek dink toe om ‘n paar opmerkings te maak oor die motivering van veral tieners want ek veronderstel dat lyfstraf motivering ten doel het. As ouers wil ons ons kinders of negatiewe of skadelike gedrag afleer of positiewe of opbouende gedrag aanleer. Dus – Motiveer om iets op te hou doen of iets te begin doen en aan te hou om dit te doen.

ONVOORWAARDELIKE LIEFDE

Ouers kan net hulle kinders positief motiveer indien hulle onvoorwaardelike liefde beleef. Voorwaardelike liefde maak dat kinders of tieners konformeer en dan optree soos ouers wil hê, ten einde hulle goedkeuring of liefde te verkry. Voorwaardelike liefde beteken dat ek slegs aanvaarbaar is indien ek aan jou verwagtinge voldoen en dus doen soos jy wil hê ek moet doen. Sommige tieners neem wraak deur doelbewus nie aan die verwagtinge te voldoen nie. Ander tieners raak weer aanvaarding-”junkies.” Die aanvaarding waaraan hulle so verslaaf is, strek egter verder as die ouerhuis – ook die vriendekring en dan raak groepsdruk baie moeilik om te hanteer.

LEER DEUR ERVARING

Kinders en veral tieners moet geleer word om die belangrikheid van dit wat jy van hulle ver wag te verstaan. Lyfstraf is dikwels ouers se manier om vir kinders te sê wat hulle as ouers wil hê en hulle dan fisies te dwing om na jou pype te dans.

Met sinvolle vrae kan ons die kinders help om self tot die insig te kom.

Ons moet kinders leer om met die gevolge van hulle optrede saam te lewe en uit hulle foute te leer. Alhoewel ek dikwels hoor dat ouers sê dat kinders deur lyfstraf ‘n duur les geleer het, blyk dit dat die les nie regtig geleer is nie, maar dat die kind net geleer het hoe hy/sy moet optree om nie weer fisiese geweld op die lyf te loop nie. Die alternatief is “”bewustelike onverantwoordelikheid.”

“Bewustelike onverantwoordelikheid” behels dat die kind toegelaat word om te misluk en wanneer dit gebeur gebruik die ouer die geleentheid om op ‘n empatiese wyse saam met die kind deur die gebeure te werk.

Ons dogter het op ‘n stadium haar huiswerk tot Sondag-aande gelos en dan moes haar ma saam met haar inspring om die huiswerk gedoen te kry. Sondag-aande is ons ontspanningsaand en ek en my vrou kyk gewoonlik die flik op MNet. Ons het haar een keer gewaarsku dat dit die laaste keer is en dat haar ma nie weer op ‘n Sondag-aand met huiswerk behulpsaam gaan wees nie.

Nie baie lank daarna nie, het nie het sy dit weer gedoen. Sonder om enigsins aggresief te raak of selfs ons stemme te verhef, het ons haar bewus gemaak van die situasie deur sekere vrae te vrae:

- † Wat is die probleem?
- † Wat het die probleem veroorsaak?
- † Hoe laat dit jou voel?
- † Wat sou jy kon doen om te verhinder dat jy weer in so ‘n situasie beland?
- † Hoe kan ons jou help om te keer dat so iets weer gebeur?

Ons het die aand die gesprek gehad en sy was bietjie dikmond omdat ons haar nie uit haar penarie wou help nie, maar sy het nie net die les geleer nie ons het 'n wonderlike stuk kommunikasie beleef en huiswerk is nie meer 'n probleem op 'n Sondag-aand nie.

MAAK HULLE DEEL VAN DIE OPLOSSING

'n Groot deel van kinders en veral tieners se opstand en rebellie het daarmee te make dat hulle gedwing word om deel te wees van 'n plan waarin hulle self geen aandeel gehad het nie. Ouers besluit wat die plan gaan wees en dan word kinders en tieners vertel hoe die plan gaan werk. Indien hulle dan nie by die plan inval nie...

Ek dink ons as ouers onderskat ons kinders en veral tieners se vermoëns om met oplossings en werkbare planne vir sekere situasies vorendag te kom. Daar is oplossings en planne wat 'n mens maar eers hulle oplossings kan probeer en selfs die risiko kan loop om te misluk. Opbouende dissipline wat op hierdie manier motiveer, verg ongelukkig insette en tyd wat ons in ons gejaagde lewe nie altyd het nie. Die illusie van kwaliteit tyd vs. kwantiteit tyd skep vir ons probleme.